**Kleinfontein Residents Association**
OPREG – DOELGERIG – ROTSVAS
**Adres: Kleinfontein Plaas, Rayton, 1001**
**Web: kivgroep.co.za**
**E-pos:** kiv.kleinfontein@gmail.com

# MEDIAVRYSTELLING

VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING

Donderdag 27 Februarie 2025

Kontakte: Henk Celliers

Selfoon: +27 82 579 1363

e-pos: kiv.kleinfontein@gmail.com

Woorde: 565

## KRIMINELE KLAGTES VAN BEDROG TEEN KLEINFONTEIN DIREKTEURE / BESTUUR EN AANDEELHOUERS

Die Hooggeregshof in Pretoria het Kleinfontein Aandeleblokskema 'n "kriminele onderneming" bevind. Hierdie bevinding het gelei tot 'n interne ondersoeke van Kleinfontein aangeleenthede wat deur die Kleinfontein Inwoner Vereniging gedoen is.

Tydens die ondersoek is bevestig dat Kleinfontein Nedersetting onwettig op plaasgrond gevestig is aangesien geen hersonering gedoen is nie. By implikasie sou dit beteken dat alle ontwikkeling teen alle wetgewing met betrekking tot Nasionale Bouregulasies en Stad Tshwane Grondgebruikbestuursverordeninge is.

Bedrog is vasgestel waardeur die Direkteure, Bestuur en sekere Aandeelhouers van Kleinfontein 'n "selfverryking" of dan 'n "Ponzi-skema" tot stand gebring het waardeur beleggers oortuig word om aandele in Kleinfontein te koop op grond van beloftes dat die Nedersetting wettig is en gegrond op Afrikanersentiment. Dit word dan later gevind dat dit nie waar is nie. Daar is verder gevind dat aandele verkoop teen R 1000.00 per aandeel gedevalueer is tot R 1.00 per aandeel sonder enige magtiging. Aandele word ook nie in die finansiële state van die maatskappy gereflekteer nie, wat aandeelhouers laat met 'n aandeelwaarde van R 0.00 op die boeke van die maatskappy.

Daar is toe gevind dat die verhuur van jou gebruikersregte of selfs die verkoop van jou aandele (lees eiendom) nie 'n moontlikheid is indien jy vrae sou vra of in konflik sou wees met die Direkteure, Bestuur of spesifieke Aandeelhouers nie aangesien dit dieselfde direksie is wat die voornemende koper of huurder moet evalueer en goedkeur. Hierdie manipulasie van die interne goedkeuringstelsel word dan gebruik om kunsmatige eiendomswaarde (aandeelpryse) te reguleer waarna die Direkteure en hul vriende die verkoper se gebruikersregte (aandele) teen onder markpryse koop.

Op risiko is die beleggers, waarvan meestal senior burgers is, wat hul fondse by Kleinfontein se eie Bank belê. Dit is duidelik vasgestel dat hierdie fondse gebruik word om die aankoop van aandele en dan die onwettige ontwikkeling van "erwe" te finansier. Aandeelhouers van Kleinfontein word dan aangemoedig om genoemde eiendom te ontwikkel met die Bank wat die aandele as borg van R 0.00 teen die lening hou aangesien Kleinfontein 'n onwettige ontwikkeling is.

Bogenoemde is duidelik vasgestel in die Hooggeregshofuitspraak met uitspraak teen Tshwane Stadsraad met opdrag deur die Regter dat Tshwane hul werk moet doen.

Kleinfontein Inwonersvereniging het kennis geneem van die vertraagde reaksie van die Tshwane Stadsraad in die uitvoering van hul werk deur nie strafregtelike klagte in te stel teen lede van Kleinfontein wat verskeie rolle in die ontwikkeling en bestuur van die onwettige nedersetting gespeel het nie. Die KIV is dus geen ander keuse gelaat as om self die kriminele aanklagte in te dien om die selfverryking deur die Direkteure en hul vriende te stop en om saam met Tshwane Stadsraad om die tafel te sit om Kleinfontein met konstruktiewe dialoog te wettig.

---------------------------------------------------------------------------------------------------------

**KONTAK**

Mediavrystelling: Henk Celliers 082 579 1363

KIV: kivgroep.co.za

E-pos: kiv.kleinfontein@gmail.com

MEDIA TOESTEMMING EN VRYSTELLING

Die KIV gee hiermee toestemming aan alle media huise om foto's, video-opname of andersins digitaal opgeneemde inligting in enige openbare media te gebruik, insluitend radio, televisie, internet, sosiale media, drukwerk of in enige van die organisasie of sy vennote se publikasies, produksies of plasings.

Handtekening namens KIV Bestuur:

Datum 27/02/2025

**Bestuurslede:** H Celliers, P McMenamin, IJ Booysen, JS Stoffberg